DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

2/2024

## LIEWE MENLO

*Hou vas aan jou matras, want Maandag is weer los*. Die jaar skop nou eers af, maar dit voel of ons al by halftyd trek. 7% van 2024 is verby; slegs 93% bly oor…

Dit is 2024; die jaar na die groot jaar vir die skool. Ons is nou 60 + 1. Wat beteken dit? Die skool se 60ste verjaarsdag was ongelooflik, maar in 2024 is óns die bevoorregte groep wat op 'n fondament van sestig jaar se tradisie kan voortbou en daarom is 61 nóg beter. Ons is die Parkies wat die amfiteater volsit, óns is die span wat titels op die nuwe astro verower, óns is die skool wat interhuis op Menlo-blou tartan beleef.

Een en sestig word volgens Google met familie, balans en harmonie geassosieer; die syfer van 'n nuwe begin. Ons is in 'n nuwe era, die sewende dekade van Die Hoërskool Menlopark.

Daarom vier ons nie vandag net die skool se 61ste bestaansjaar nie. Ons vier 61 jaar van Parkie-wees, 61 jaar van onoorwonne gees en 61 jaar van herinneringe aan die Parkie-familie! Daarna, soos mnr. Erasmus altyd sê, volg die prestasies sommer vanself.

In chemie is 61 die atoomgetal van Prometium, 'n skaars radioaktiewe element. Daarom wens ek elke personeellid, elke Parkie en elke aggie geluk met ons verjaarsdag. Mag ons, soos Prometium, 'n radioaktiewe 2024 beleef.

Ek spreek graag die volgende seënwens uit Jeremia 29 oor ons skool en oor elke Parkie uit:

Ek weet die planne wat Ek vir julle het, sê die Here, is planne van vrede en nie van onheil nie, om vir julle 'n toekoms en hoop te gee.

Onthou, Menlopark:

Hulle weet nie wat ons weet nie!

*(Toespraak: Rudolph Jordaan, Parkieraadvoorsitter, tydens die skool se verjaarsdag op 29 Januarie; die toespraak is verkort).*

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Teks: Matt 5:8**

Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.



# DAGBOEK

**2/2** Atletiek: 37ste Jaarlikse Uitnodigingsbyeenkoms (tuis)

**3/2** Parkieraadkamp / Krieket: Finsbury o. 15A & o. 19A (tuis en weg)

**4/2** Voortrekkers: Afskop (Menlo-swembad)

**5/2** Akademie: Toekenningsaand (Juniors, 18:30 en Seniors, 19:00)

**6/2** Parkiedebat Juniors (A104, 14:15 – 18:15) / Atletiek: Aflosoefening (17:45)

**7/2** Loopbaanskou / Redenaars: Gr. 10 & 11 onvoorbereide uitdunne (14:15) / Parkiedebat: Seniors (A104, 14:15 – 18:15) / Atletiek: Top 15 (Noordheuwel) / Drama: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

# AKADEMIE

## Menlo ist absolut prima, aber Deutschland...

Op Vrydag, 12 Januarie het Alex Pakendorf, Andries Beyers, David Kunzmann, Zoë Coetzee, Alexa en Marcelle Beyers en Zoë Le Cointre na hul deelname aan hulle onderskeie Duitse uitruilprogramme na Suid-Afrikaanse bodem teruggekeer.

Om die geskiedenis en die lied van die nimlike Loreley in die Menlo-Duitsklas te behandel en saam met die YouTube video te sing is *prima*, maar om saam met jou gasgesin teen die Loreley-rots in die Rheinrivier op te klouter en die beeld van die pragtige vrou van naderby te beskou, is 'n ervaring sonder gelyke!

Sneeubalgevegte op die dorpsplein, slee-ry teen die berg af en Glühwein by die Kersmark is pret, maar om die geboorte van Christus op Oukersaand saam met jou gasgesin in 'n kerk wat al vir ses eeue bestaan te gedenk, is 'n ervaring wat jy nog eendag met jou kleinkinders op jou stoep gaan deel.

Die uitruilprogram behels egter nie net rondrits en toeris speel nie. Daar is kliphard skoolgegaan en baie Duits geleer. Om vir 'n paar weke 'n vlieg teen die muur van 'n vreemde gesin te wees en die dinamika en soet en suur van broers en susters in 'n ander gesin as jou eie te leer ken, is 'n uitdaging op sy eie. Uitruilstudente word daarop voorberei dat hul gasma's dalk vreemde teksture en geure in die kombuis mag optower, en daarvoor is die noodpakkie Provitas en kasies in die tas gereeld ingespan!

Skoolgaan in 'n heeltemal ander sisteem as waaraan jy op Menlo-bodem gewoond is, is interessant, maar verg ook uithou- en deursettingsvermoë. Die persoonlike groei en nuutverworwe selfvertroue (en Duitse kennis) na so 'n uitruilprogram is weergaloos.

Welkom terug aan ons sewe dapper uitruilstudente!

## Herzlich Wilkommen!

Menlo se eerste Duitse uitruilstudent vir 2024 het op Woensdag, 17 Januarie by ons aangesluit. Benjamin Gronemeyer word deur die Kunzmann-gesin gehuisves en na 'n onafwendbare besoek aan die haarkapper lyk hy pure Parkie in sy Menlo-uniform. Welkom by ons!



# GEES




## Veels geluk liewe Menlo!

Die skool se verjaarsdag is vandeesweek met 'n herinneringsreis deur ses dekades gevier. Hier volg 'n paar interessanthede uit die skool se verlede:

1964 Die Menloparkse Hoërskool kry sy eerste hoof, mnr. G.P.L. van Zijl.
Die Kwêvoël, eertydse weergawe van Die Eggo, is gepubliseer.
Die skoolfonds was R8 per jaar.
Vaslegging van die leuse, Excelsa Petamus.

1974 Die pawiljoen is voltooi.
Die skool staan voortaan as Die Hoërskool Menlopark bekend.

1984 Menlo is mondig! Die geskenk? Ons eerste fotostaatmasjien!

1994 Die skool kry 'n nuwe aktiwiteit: Die Menlo-koor!
Die rekenaar-era begin op Menlo-bodem en die skool kry rekenaars.

2004 Ons vier waardes word die hoeksteen van Parkie-wees.






# KOSHUIS

## Menlo se hart is jou hart

Die koshuisleerders vorm gou 'n band; 'n fondament waarop vriendskappe – dikwels lewenslank – gebou word. Die graad 8-koshuisleerders het hulle laaste inblynaweek gebruik om nuwe vriendskapsbande te smee deur 'n uitstappie na Hazelwood se kosmark en heerlike boeresportpret te geniet. Die koshuis bedank graag die matriekdogters, Ashley Moreira, Nuo Li en Menike vd Berg wat die organisasie van die boeresport behartig het. Koshuiskaskenades lyk na heerlike pret en na dese wonder die Insig of daar dalk nog 'n plekkie in die koshuis beskikbaar is...?
















# MUSIEK

## Menlo-maestro's verslind note

Hartlik geluk aan die volgende leerders wat in UNISA se graad 4-teorie-eksamen uitgeblink het:

Nina Louw: 88%    Lynette Gildenhuys: 90%

Jan-Hendrik Swanepoel: 91% (verskyn op UNISA se ererol van uitblinkers)

Me. Trix Klopper, die bekwame maestro wat die leerders na nuwe *toon*hoogtes lei, verdien 'n veer in die hoed vir haar meesterlike musikale onderrig.

Knap gedaan!



# GEES



## Dirigente staan vir G-E-E-S!

Hoor jy dit? Die Menlo-gees laat hom nie sommer tem nie en wanneer hierdie gees deur begeesterde dirigente gelei word, is daar geen keer nie! Teenstanders sal oorrompel word en harte sal vermurwe, terwyl pawiljoene kreun.

Om as Menlo-dirigent aangewys te word, is nie net 'n eer nie, maar ook 'n reuseverantwoordelikheid. Hierdie seuns en dogters is gekies na aanleiding van die interhuisbyeenkomste en sal gedurende die jaar sorg dat Menlo se stem deur die atmosfeer weergalm.

Baie geluk aan die dirigente wat die Menlo-gees vanjaar sal lei:

**Dogters**
Amy Eysele, Corlia Nel (hoofdirigient), Anke Rautenbach, Marisa van den Berg & Amy van Staden.

**Seuns**
JP de Beer (hoofdirigent), Pieter Kriek, Ivan Ramushu, Christoff van Zyl & Leshaan Wagner.

Danique de Souza (hoofdirigent; 2023) het in trotse Menlo-tradisie die verrigtinge bygewoon om die nuwe dirries geluk te wens.

Assandria!

# ATLETIEK

## Olé! Olé! Olé!

Twee en twintig! Dit is hoeveel rekords tydens die skool se jaarlikse interhuisbyeenkoms gespat het.

Menlo se atletiekghoeroes, me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith, is sekerlik verlig dat die Parkies nog nie vir diens in die Olimpiese span opgeroep is nie en dat die S-P-A-N met die G-E-E-S ongestoord kan voortgaan om die seisoen te verower.

So indrukwekkend was die atlete se vertonings op die skool se pragtige nuwe tartanbaan dat toeskouers in vervoering gelaat is. Hartlik geluk aan die rekordbrekers en trofeewenners.




















## Rekords

| | | |
|---|---|---|
| Menike van den Berg | o. 19 | 100 m |
| Colene Scheepers | o. 19 | 100 m & 400 m |
| Kaiden Beukes | o. 14 | 100 m |
| Danie Botma | o. 15 | 400 m |
| Werner Bezuidenhout | o. 19 | 100 m & 110 m-hekkies |
| Megan Nieman | o. 15 | 90 m-hekkies & 300 m-hekkies |
| Lu Chelle Breedt | o. 19 | 400 m-hekkies |
| Nicolas Nieman | o. 17 | Verspring |
| Aidan Erasmus | o. 17 | Diskus |
| Janelle Kirkpatrick | o. 14 | 90 m-hekkies & 300 m-hekkies |
| Alicia Khunou | o. 19 | Diskus & Gewigstoot |
| Jaco van Dyk | o. 14 | Gewigstoot |
| Chirsté Loedolff | o. 17 | Diskus |
| Llewellyn van Heerden | o. 15 | 400 m |
| Leskin Samuels | o. 17 | Hoogspring |
| Leon Stoltz | o. 19 | 2 000 m-hindernis* |
| Isabella van der Merwe | o. 19 | 1 500 m-hindernis* |

* Die twee hindernisitems word slegs in die o. 19-ouderdomsgroep aangebied. Dit is nuwe items.


## Trofeewenners

| | |
|---|---|
| Beste middelafstandatleet | Rachel Schwulst & Johann Roelofse |
| Beste hekkiesatleet | Megan Nieman |
| Beste naelloopatleet | Werner Bezuidenhout & Colene Scheepers |
| Beste veldatleet | Alicia Khunou |
| Beste prestasie deur 'n junior seun | Joshua Gerber |
| Beste prestasie deur 'n junior dogter | Janelle Kirkpatrick |
| Beste prestasie deur 'n senior seun | Nicolas Nieman |
| Beste prestasie deur 'n senior dogter | Alicia Khunou |
| Victrix ludorum (junior dogter) | Megan Nieman |
| Victor ludorum (junior seun) | Danie Botma |
| Victrix ludorum (senior dogter) | Colene Scheepers |
| Victor ludorum (senior seun) | Nicolas Nieman |

## Korvee

Die skool rig graag 'n spesiale woord van dank aan die graadagts wat onder die bekwame leiding van mnre. Brits en Mentz as korvee diens gedoen het.

Dea Higgins, Cara Koekemoer, Jené Maree, Nienke Venter, Mika Keet, Mia Stassen, Chris Naude, Ruben Lourens, Divan Heyl, Reinhard Langenhoven, Kéan vd Heever, Xander Vlok, Liam Dunwoody, Christiaan Balt, Theuns de Bruin, Mishael Martens, Sebastian Blignaut, Lua van Wyk, Tyler Hen-Boisen, Rhuwan Strydom, Daniël du Toit, Kaylim Bushby, Tiaan Meiring, Ryan Cooke Theron, Lea Dirker, Tristan Campbell, Niewoudt van Wyk, Robert Herion, Mekayla Stein, Ewan Wiltz, Alex Kruger, Bernhard Bohmer, Nathan Venter, Mieke du Plooy, Mila Mentz, Michelle van Zyl, Leila du Plessis, Zhandré Badenhorst, Monja van Dyk, Cyrah Stoltz, Mia Immelman, Kristen Mans, Sophia Jacobs, Ameé Abbott, Danelle Niemandt, Mikayla Olivier, Le-Merie vd Merwe, Eunischia Pretorius, Mieke Swanepoel, Nelri vd Westhuizen, Tiano Demas, Kian Muller, Camlin Arendse, Gerhard Pretorius, Hanru van Wyk, Marcus vd Wath, Nathan Olwagen, Xandre Duvenhage, Pieter Jv Rensburg, Reuben Cawood, Alizée Minnaar, Carel vd Merwe, Arnold Theron, Liam Fryer, Lexi Thornhill, Kian Muller, Ruben Kirchner, Jaden de Bruin, Hanro Viljoen en Johan Odendaal.













# ATLETIEK

## Geen keer aan Menlo-masjien

Die Menlo-atlete is aan't opwarm vir die 2024-seisoen en daar is reeds heelwat rede vir opgewondenheid. Nie net het die Parkie-atlete 'n rekordoes van ses ingesamel nie, maar ook die byeenkoms by Hoërskool Noordheuwel oortuigend gewen. Daarby spog Menlo met die beste toeskouers, graad 8's, Matriekraad én dirigente.

Baie dankie aan elke personeellid, afrigter en beampte wat tot die sukses van Menlo-atletiek bydra. Ons noem graag die volgende uitslae van die atlete wat minstens 900 punte op die APE-tabel behaal het:

| | | |
|---|---|---|
| Chirsté Loedolff | Diskus | 1 000 |
| Alicia Khunou | Diskus | 1 000 |
| | Gewigstoot | 961 |
| Taelyn Smith | Hoogspring | 980 |
| Joshua Gerber | Diskus | 963 |
| Merle Jv Rensburg | Diskus | 947 |
| Janelle Kirkpatrick | 90 m-hekkies | 933 |
| Aidan Erasmus | Diskus | 925 |
| Nicolas Nieman | Verspring | 920 |
| Rachel Schwulst | 800 m | 915 |
| Jaco van Dyk | Gewigstoot | 915 |
| Ashlynn Nel | Gewigstoot | 905 |
| | Diskus | 904 |

# KRIEKET

## Hier doen kolwe die praatwerk



Die jaar staan nog in sy kinderskoene, maar vir die Menlo-krieketspelers is die seisoen in volle swang. Die wilgerlatte is in die afgelope maand met mening geswaai en paaltjies het met reëlmaat gekantel. Kyk gerus na die uitstekende kolfvertonings van Wian van Deventer en Monré Koekemoer. Ben Schomper, Noah Stopforth en Noah Becker het die waarde van uitstekende boulwerk uitgewys en Menlo is trots om te sê: "Vandeesweek maak ons dit drie uit drie!"

Hiermee volg die uitslae van die afgelope week se wedstryde:

**Menlopark 1ste XI teen Rustenburg 1ste XI**
Menlo 223/8 (Dian van Zyl 45, Wian van Deventer 67*)
Rustenburg 134 almal uit (Matt van der Westhuizen 3/22, Gerhard-Nico van Zyl 3/34)
Menlo wen met 89 lopies.

**Menlopark o. 15 A teen Rustenburg o. 15 A**
Rustenburg 87 almal uit (Ben Schomper 3/6, Noah Stopforth 3/15, Noah Becker 3/16)
Menlo 89/4 (Juan Lombaard 26*)
Menlo wen met 6 paaltjies.

**Menlopark 2de XI teen Potch Volkies 2de XI**
Menlo 196/4 (Monré Koekemoer 88, Jan-Willem Pienaar 21, Johan Bosch 20*)
Volkies 81 almal uit (Murray Hofmeyr 6/16, Monré Koekemoer 3/12)
Menlo wen met 115 lopies.

# PERDRY

## Menlo: perd van 'n ander kleur

Die 2024-perdesportseisoen het verlede naweek met die Menlo-skou by die Bellevue Equestrian Estate afgeskop. Hierdie byeenkoms het aan ruiters van alle ouderdomme die geleentheid gebied om die stof van hulle saals af te skud en hulle vaardighede in Show Jumping en Dressage op die proef te stel. Met nagenoeg 250 inskrywings is die Menlo-perdesportskou een van dié gebeurtenisse op die perdrykalender.

Baie dankie aan die ruiters wat hulle talente by die skou ten toon gestel het. Die Insig wil nie die wa voor die perde inspan nie, maar as die skou enigiets oor die toekoms voorspel, sal die opponerende skole hulle sokkies vanjaar moet optrek.

Die Parkies wat diens gedoen het, mnr. Kwagga Loubser, me. Lizé du Plooy asook die ouers wat seker gemaak het dat alles vlot verloop, verdien óók 'n spesiale woord van dank. Die goedbeplande skou en onberispelike optrede van die Parkies het dit weereens bewys: Menlo is 'n perd van 'n ander kleur.







# MUURBAL




## MMA-spelers smaak sukses by provinsiale toernooie

Melissa de Wet en JD Smuts is twee Parkies wat die skool se naam onlangs by provinsiale toernooie hoog gehou het. Melissa was by die Easterns Junior Toernooi in aksie en JD het sy slag by KZN se Junior Ope gewys.

Melissa was aanvanklik twaalfde gekeur, maar het in die derde posisie geëindig, terwyl JD 'n tweede plek met sy briljante houespel verower het.

Welgedaan!

# FIETSRY

## Parkie behaal podiumplek

Die Insig vermoed dat die Engelse frase, *rolling hills*, verskillende betekenisse het. 'n Mens se gedagtes word onmiddellik weggevoer na berglandskappe, kronkelende paaie en kabbelende strome, maar die fietsryers onder ons sal weet dat *rolling hills* ook dikwels met swoeg en sweet gepaardgaan. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat jy jou met die helling van 'n heuwel misgis en dan deur die *rolling hill* gerol word.

Evert Maritz, gr. 8, is 'n man wat hom nie deur afdraandes laat afskrik nie. Hy het die oë toegeknyp, ore platgetrek en laat spaander om sodoende die derde plek by die Mountain Bike - SA DHI UCI Cat 2 (downhill resies) by Sabie te beklink.



# SPOG

## Skitterend, Menlo!

Suid-Afrika se mees belowende atlete behoort aan Menlo! Lesedi Khunou en Colene Scheepers se atletiek CV's is bykans so lank soos die skool se splinternuwe tartanpylvak: Hulle is interhuiskampioene, interhoërkampioene én Statebondkampioene. Die talentvolle duo het Menlo se naam verlede naweek by ASA se prysuitdelingsfunksie hoog gehou waar Alicia die toekenning vir die mees belowende vroueatleet opgeraap het. Die skool is trots op hierdie ambassadeurs en hou hulle vordering met belangstelling dop. #ExcelsaPetamus







## Hy is tog 'n Parkie!

Ses en tagtig lopies van 37 balle. Agt sesse en sewe viere teen 'n treftempo van 232.4.

'n Mens hoef nie 'n krieketkenner te wees om te weet dat hierdie syfers absolut wêreldklas is nie.

Steve Stolk, Suid-Afrika se nuutste krieketsensasie, het tydens die Proteas se o. 19-wêreldbekerkriekettoernooi teen Skotland korte mette van die Skotse boulaanval gemaak.

So vinnig het Steve sy vyftigtal behaal dat hy nie eers uitasem was nie; boonop behoort die wêreldrekord vir die vinnigste vyftigtal in die o. 19-toernooi nou aan Steve. #menlotrots #hyistog'nparkie




DAGBOEK DIE DATUM!
MENLO-OPEDAG
15 APRIL 2024 | 14:29
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
Kom BOU jou TOEKOMS by MENLO!


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
MENLO
Sportwinkel
Wees gereed vir interhoër
Koop jou sambreel en wees voorbereid vir
Beskikbaar by die Menlo-sportwinkel
www menlopark.co.za
AbsolutMenlo


EXCELSA PETAMUS
MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO
Menlo vir altyd!

# MARKPLEIN







# Dr Heinrich Nolte

GENERAL PRACTITIONER

PhD, MBBCh, MA(HMS) Biokinetics, BA(HONS) Biokinetics, BA (HMS)



Mendelssohn MED & suites, 431 Mendelssohn Street
Waterkloof Glen, Pretoria

+27 (0)61 443 5456

dr@drheinrichnolte.co.za

www.drheinrichnolte.co.za




TAU | SLOW LEATHER CO

Volg gerus die skakel na TAU.




16 MAART
2024
CASALINGA
SONNEBLOMFEES
SNOTKOP | DROOMSINDROOM | DIE HEUWELS FANTASTIES | EARLY B
DIE PIESANGSKILLE | JUSTIN VEGA | VANCOET BAND | DJ TWO TONE
KAARTJIES
BESKIKBAAR VANAF
ticketmaster®